Muli buti!(hoe gaan dit?)
Hier op Kanjanji is ons nogsteeds net so bedrywig en met geen radio of televisie nie, weet ons nie eintlik wat aangaan in die buitewereld nie!

Projekte en persoonlik:
Ons het nou die weeskinders se voedingsprogram vanaf die plaaslike skool na die Children's Village geskuif a.g.v. die riviertjie wat te diep is. Daarmee saam het nog 2 ander skole ons genader en gesmeek vir hulp vir hulle weeskinders. Wel, soos julle kan dink, was daar 'n ongelooflike getal kinders en ons moes dit toe beperk tot die kleinstes – en die getal staan nou op 134.
Die HIV babaprogram se "carers" het besluit hulle sal vroeg kom op die dag en ons kom help met takies. Ons het toe aangebied om dan vir die babas slappap te maak – dan kan ek sommer sien hoe en wat voer hulle die kleintjies. Byna al die babas het nou verkoue en dit is moelik om te behandel, want HIV babas kry maklik longontsteking.
Ons gee klein pakkies saad vir die "carers" om 'n tuintjie vir die baba te begin. Hongersnood is nou erg.
Die bok-program vir weduwees en die bone wat ons geskenk het, is goed opdreef. Wel, ons het al 3 bokke moes koop om mense in nood te help. Die Villagers weet ons leen nie geld uit nie, maar hulle besef ons kan vir die weeshuis diere aankoop. Dit is 'n goeie reeling, want hulle hou die bok dan by hulle tot ons dit benodig. Meeste kere slag ons dit dan maar vir .
'n spesiale geleentheid, soos nou met Paasfees.
Die mielies staan geel op die land en ons kan vir die weeskinders "relish" gee uit ons eie tuin.
Water is egter nou 'n probleem, want Zesco het vir ons net een fase krag, en dus moet die water gepomp word met 'n kragopwekker, wat baie duur is.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

Muli buti (how are you?)
We are so busy working on the project here at Kanjanji that we do not have much of an idea about world affairs. The fact that we do not have radio or television does not help either.

Personal and projects:
We are now feeding the orphans from the local school at the Children's Village because the river cannot be crossed by vehicle. We have also started feeding orphans from 2 of the other nearby schools and because of the overwhelming numbers of children we have to limit it to the really young and vulnerable – they number 134 at the moment
The HIV baby programme is running well and we have convinced the carers to come and help with menial tasks on the day. In exchange we feed the babies with morning porridge, which also sheds more light on the carer's ability to feed the baby. Many of the babies have runny noses at the moment because of their depleted immune systems. We are also giving small packets of seed to the carer's so they could start a vegetable garden for the child.
We are also supporting a programme where widows from the community would put their meagre funds together to plant beans, amongst other crops, and to raise a herd of goats in order to be able to support themselves. Because of the grinding poverty and need in the community, we so far had to buy 3 goats from families in dire need of money.
The maize in the fields are doing well and we are able to feed the orphans with relish from our own gardens. Water is another problem, because water is being pumped with a 3 phase generator which obviously runs on fuel.

Die ‘pre-school’ groei nogsteeds en party dae is daar 90 kindertjies. Baie kom net vir die klein stukkie koek en happie koeldrank aan die einde. Van die groepe wat nou kom uitreik, gaan o.a. die pre-school verf en mooimaak.
Die nuwe ‘dorms’ is al byna in gebruik. Vanaf volgende week kom hier groepe mense aan op uitreike en sal ons moet bontstaan.
Die nuwe kombuis/spens is ‘n seen en al die groepe wat kom sal voordeel daaruit trek.

Gebedsversoeke:
Bid asb.vir wysheid met die uitdeel van die krat se inhoud en die hongersnood wat so baie lewens raak.
Ook vir weeskinders wat die eerste kwartaal skool gemis het omdat hulle voogde nie kan betaal nie.
Bid ook dat ons die babavoedingsprogram sal kan volhou. (babamelk is baie duur)
Ook dat ons emosioneel sal staande bly te midde van al die nood, honger en armoede!!
Laaste maar nie die minste nie – sê saam dankie aan God , ons Vader, dat so baie mense betrokke is by die projek en Kanjanji ondersteun op allerlei maniere.

Seen vir julle!

Lourie en Gisela



The preschool class is still growing in number and on some days we have 90 children attending albeit for the small piece of cake and a cool drink they get at the end.
The dorms are almost ready for the groups of people coming over from South Africa, Canada and the U.K.in the forthcoming weeks and the new kitchen would make life so much easier for them.

Prayer requests:
Please pray for wisdom in distributing the contents of the container.
Also for the number of orphans who have missed the first term of school because of the carer’s inability to pay.
That we would be able to sustain the baby feeding programme.
And that we would be able to handle the emotional overload of the hunger and poverty which we see every day!
Last but not least , give praise to our God that so many people have become involved in this project by supporting Kanjanji in various ways.

Blessings to you all!

Lourie and Gisela